# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"Twee dinge waaroor jy totale beheer het in jou lewe: jou houding en jou inspanning"**

**NUUSBRIEF 17** **25 AUGUSTUS 2021**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*Sommige mense glo 'n vuurtjie maak alles beter, of dit nou 'n braaivleisvuurtjie, 'n bosveldvuurtjie of 'n kaggelvuurtjie is, is irrelevant. Rondom 'n vuurtjie word onder andere baie lag en trane gedeel. Hoe jou vuurtjie ookal lyk, steek hom aan. Vertoef vir 'n oomblik om moed te skep, om te onthou, om te huil en te lag en veral om lief te hê.* (Met dank aan Kathie Viljoen)

Die sportprogram is weer goed op dreef. Dit is heerlik om die velde weereens vol leerders te sien. Op verskeie terreine lewer spanne en individuele leerders reeds uitstaande prestasies.

Ons is baie dankbaar dat Mev. Stephanie Joubert uit die hospitaal is en tans tuis aansterk. Baie dankie vir almal se omgee en gebede.

## INLIGTING

### MANDELA-DAG TERUGVOER

Op Vrydag, 30 Julie 2021, het ons Nelson Mandela-Dag by *Midstream Ridge Laerskool* gevier. Op hierdie dag het elke kind 67 minute van hul eie tyd afgestaan om HOOP aan letterlik honderde mense te bring, wat die bewustheid skep dat ons 'n groot verskil kan maak met 'n klein teken van omgee.

Elke leerder het 'n koffiebottel met sopbestanddele gevul, wat ons in staat stel om terug te gee aan die gemeenskap waar daar onsekerheid is waar die volgende maaltyd vandaan sal kom.

Een bottel kan gemiddeld 5 volwassenes van 'n maaltyd voorsien. *Midstream Ridge Laerskool* het 995 bottels bygedra tot diegene wat voedsel benodig. Dit beteken dat ongeveer 5 000 mense elk een maaltyd kon eet as gevolg van die personeel, leerders en ouers van die *Midstream Ridge Laerskool*.

Dankie vir u uitstekende ondersteuning om dit 'n dag te maak wat ons nie kon ontvang nie, maar om te GEE!

## Areas van verspreiding:

- KSM Midstream
- Doxa Deo Midstream
- Danville Hulp Projek
- Kerke in Kempton Park & Rooihuiskraal
- Huis Oase & Huis Jubilee (Gerhardsville)
- MRP terrein- en sekuriteitspersoneel

## LOSLITDAG / MNR. HARMSE SE VERJAARSDAG

Ons herinner u net weer dat Maandag, 30 Augustus 2021, *Loslitdag* is. Leerders kan hul R10 donasie ten bate van *Nuwe Hoop Skool*, by hul registeronderwysers, inbetaal.

## SKOOLDRAG

Leerders is welkom om, indien hul dit sou verkies, somersdrag te begin dra. Hulle kan dus afhangende van die weer afwissel tussen somers- en wintersdrag, mits dit ten volle, die een of die ander is. Op Dinsdag, 12 Oktober 2021, skakel ons amptelik oor na somersdrag.

Midstream Ridge Groete

**MNR. V HARMSE**
**SKOOLHOOF**